

Ontmoeting 6

Jesus is ons Koning

Die einde van Jesus se aardse lewe

Teks: Matteus 21:1–12

Hulpmiddels:

- Papier sakkies
- Donkie dele
- Palmblaar–prent



Welkom

“Jesus sê”:

Die aanbieder sê: “Jesus sê... (en noem dan een van die ondergenoemde aksies wat saam met die gepaste handgebare gaan.) Die aanbieder moet probeer om die groep uit te vang, deur bv. te sê: “Josua sê...” of noem net die aksie en sê nie “Jesus sê” vooraf nie, ens. Wanneer iemand in die groep dan h fout maak, gaan sit hy/sy tot daar net h paar kinders oorbly. Die aksies is:

1. “Volg My” – hou hande oop agtermekaar, met linkerhand se duim teen regterhand se pinkie en maak h “volg”-beweging.
2. “Ry donkie” – maak 2 vuiste met die duime teenmekaar asof leisels vasgehou word.
3. “Help mekaar” – hou vas aan jou eie hand.
4. “Praat met My” – vou hande soos in gebed.



Wyding

Stilword-ritueel: Babapoeier voetspore: Gooi babapoeier in ’n plat bak en trap voetspore in ’n lokaal. Laat die kinders presies in jou voetspore loop en by jou bestemming uitkom. Gee soms kort treetjies en soms langer treë.



Woord

Almal sit doodstil en maak hulle oë toe. Luister na al die geluide wat jy kan hoor, bv. h voëltjie wat sing, motors wat ry, jou eie asemhaling, ens. Ek wonder watter geluide vir julle mooi was en watter geluide julle gepla het. Kom ons maak elkeen die geluid van h motor.

Ons het nou na verskillende geluide geluister en self soos motors gemaak. Ek wonder watter tipe motor Jesus gery het? (*Gee vir hulle kans om te reageer.*)

In Jesus se tyd was daar nie motors soos ons vandag ken nie en hulle het meestal gestap waar hulle wou wees. Ryk mense het met kamele gery wanneer hulle ver gery het en die soldate het met waentjies gery wat deur perde getrek is.

Jesus het na baie plekke gestap waar Hy baie wonderwerke gedoen het en mense van God geleer het. Ek wonder wie van julle kan vir my sê van watter wonderwerk(e) het ons by die vorige geleentheid gehoor. (*Gee kans vir reaksie.*) Ek wonder wie kan vir my enige storie noem wat Jesus vertel het. (*Gee kans vir reaksie.*)

Nadat Jesus eendag so h storie vertel het, het Hy sy dissipels geroep en vir hulle gesê: (Matt 20:17–19 – Bybel@kinders)

“Ons gaan nou Jerusalem toe. In Jerusalem gaan die godsdienstige leiers My vang. Hulle gaan sê dat Ek doodgemaak moet word. Dan sal hulle My oorgee aan die Romeine. Die Romeinse soldate sal My voor almal spot en slaan. Uiteindelik sal hulle My aan h kruit ophang waar Ek sal doodgaan. Maar Ek sal op die derde dag weer lewendig word.” Sjoë, ek wonder wat die dissipels gedink het toe hulle hoor wat Jesus sê. Jesus, wat ons hemelse Koning is, moet soos h skelm aan h kruit doodgaan! (*Gee kans om te reageer.*) Ek wonder wat ek sou gedoen het as ek moes hoor ek moet saam met my leier en vriend êrens heen gaan waar ek weet Hy doodgemaak sal word.

Maar Jesus het presies geweet wat gaan gebeur. Op pad na Jerusalem het hulle by h dorpie met die naam Betfage gekom. Betfage was nie ver van Jerusalem af nie. Daar het Hy vir twee van sy dissipels h snaakse opdrag gegee:

Matt 21:1 – 3: “Toe hulle naby Jerusalem kom en Betfage aan die Olyfberg bereik, het Jesus twee dissipels vooruit gestuur en vir hulle gesê: ‘Gaan na die dorpie daar reg voor julle, en net soos julle inkom, sal julle daar ’n donkie kry wat vasgemaak is en ’n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir My. En as iemand vir julle iets daarvoor sê, antwoord dan: Die Here het hulle nodig en Hy sal hulle gou weer terugstuur.’” Ek wonder wat Jesus met hierdie donkies wou maak? Hy wil seker nie op hulle ry nie, want Hy is dan h koning en h koning ry mos in h koets, nie waar nie? Kom ons kyk wat staan in Sag 9:9b: “Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is ’n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op ’n donkie, op die hingsvul van ’n donkie.” Dit lyk my Jesus is regtig van plan om op die donkie te ry!

Matt 21:6: Die twee dissipels het toe vooruit gegaan en gedoen wat Jesus aan hulle beveel het.

Matt 21:7: “Hulle het die donkie en die vul gebring, van hulle klere op die diere gesit, en Jesus het opgeklim.” Daar was nie h lekker sagte kombesie of h saal of h kussing om op die donkie te sit nie.

Matt 21:8: “Die grootste deel van die skare het van hulle klere op die pad oopgegooi.” Die mense was vreeslik bly om vir Jesus te sien, want hulle het geglo dat Hy die volgende koning sou word wat hulle van die Romeine sou bevry. Hulle het Hom soos h koning behandel en hul klere op die pad gestrooi as bewys dat Hy hulle koning is.

Matt 21:8b: “... ander het takkies van die bome afgebreek en dit op die pad gestrooi.”

Hulle het palmtakke van die bome afgepluk en ook op die pad voor die donkie se hoewe gestrooi en hulle het die palmtakke geswaai wanneer Jesus verbygekom het. (*Laat die kinders maak of hulle ook palmtakke swaai.*)

Matt 21:9: “Die mense wat voor Jesus geloop het en dié wat agter Hom aan gekom het, het begin uitroep: ‘Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel!’”

Matt 21:10,11: “Toe Jesus in Jerusalem ingaan, het die hele stad in beroering gekom en gevra: ‘Wie is hierdie man?’ Die skare het geantwoord: ‘Dit is die profeet Jesus van Nasaret in Galilea!’”

Matt 21:12a: “Jesus het tempel toe gegaan...” Jesus het sowaar op h donkie kerk toe gery!

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat is vir julle spesiaal in hierdie verhaal.
2. Ek wonder wat is vir jou belangrik in die verhaal.
3. Ek wonder wie jy graag in die verhaal sou wou wees.
4. Ek wonder wat sou jy vir jou familie gaan vertel het as jy daar was.




Werskaf

- Inkleurprent vir klein kindertjies.
- Maak h donkie papierpop en laat die kinders dan vir mekaar die storie vertel soos wat die donkie die storie sou vertel het.
- Gebruik die blaarpatroon sodat die kinders vir hulle blare kan uitknip om te waai of laat hulle hul handpalms in verf druk om palmtakke op papier af te druk.

Sluit af met die seënbede

Gebruik die seënbede, maar vandag mag daar nie woorde hardop gesê word nie. Net gebaretaal mag gebruik word.

Hier is ’n videogreep: <https://fb.watch/9FQ8Hul75t/>



Donkey Paper Bag Puppet

